9 Augustus 2026
Oggenddiens
Sing: Ps. 89:1,2; Ps. 89:6 Ps. 73:1,9,10; Ps. 18:1,12; Ps. 118:1,9,13
Lees: Heb. 4:14-5:10
Teks: Heb. 4:16
Tema: Ons kan met vrymoedigheid na die troon van Christus gaan en sy genade ontvang.
***Die belydenis van Christus*.**
In die week voor nagmaal doen ons self ondersoek voordat ons na die tafel van die Here kan kom. Wanneer ons egter ons sonde sien kan ons maklik moedeloos word omdat dit lyk of ons voortdurend 'n verlore stryd stry. Dit is egter in ons selfondersoek wat die Here ons nie in ons ellende wil laat nie, maar ons na Christus bring. Te midde van die sonde wat so realiteit van ons lewe is het die Here Hom as volmaakte hoëpriester gegee om vir ons in te tree en versoening te doen. Deur die geloof kan ons aan hierdie heerlike verlossingsdaad vasgryp en daaraan vashou
Die medelye van Christus
Wanneer ons bely dat Christus ons hoëpriester is wat vir ons intree moet ons ook sien watter tipe middelaar Hy vir ons is. Die Hebreër skrywer maak dit duidelik dat Hy 'n hoe priester is wat medelye met ons swakhede kan hê omdat hy self deur die versoekinge gegaan het. Hy het self onder die aanslag van die duiwel en die wêreld deurgeloop, maar die wonder is dat Hy geen sonde het nie. Hy kan vir ons 'n volkome en ewige versoening doen omdat Hy nie eers vir Homself versoening hoef te doen nie. wanneer ons selfondersoek moet doen voor Nagmaal vrees ons nie vir die oordeel nie, maar is ons seker van sy medelye
Die toenadering tot Christus
Nou is dit juis op grond van sy Medelye wat ons eindelik tot die genadetroon van Christus kan nader. Ons kan in die eerste plek nader met vrymoedigheid. Ons kan ons sonde openlik voor Hom bely want hy het dit vir ons betaal en die versoening vir ons bewerk. In die tweede plek moet ons verstaan dat die troon van Christus juis 'n genade troon is. Konings in daardie dae was nie toeganklik vir die volk nie en daar is ook nie genade van die koning verwag nie, maar Christus is 'n genadige koning tot wie ons kan kom. In sy regeermag ontvang ons die rykdom van onuitspreeklike genade.